# KENNIS *en* VAARDIGHEID *van die* HEUNINGBOSPLUKKER



BIO INNOVATION AFRICA

Implemented by:

giz Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) GmbH

## Waaroor gaan hierdie boekie?

Die boek gaan oor erkenning van die heuningbosplukkers en die belangrike rol wat hulle gespeel het, en steeds speel, in die kommersiële onwikkeling van 'n merkwaardige Suid-Afrikaanse tee. Dit beklemtoon die kritieke belang van hulle plaaslike ekologiese kennis, wat hulle vrylik deel en prakties toepas tot voordeel van die hele waardeketting. Hul intieme en hoogs gerespekteerde kennis van die heuningbos-spesies en die omgewing waarin dit groei, vorm die grondslag vir die volhoubare benutting van materiaal uit die natuur. Die voordele van hierdie tipe ekologiese kennis strek vanselfsprekend veel verder: steun aan die verantwoordelike benutting van 'n handvol teespesies bied ook kollaterale voordeel vir baie plante wat tussen hulle groei.

Die dae is verby dat daar van die nasionale en provinsiale regerings en hul agentskappe verwag kon word om die omgewing ten volle te bestuur namens ons. Dit is eerder 'n verantwoordelikheid wat ons almal as 'n nasie moet deel indien daar enige hoop is dat toekomstige generasies in dieselfde mate voordeel sal trek as wat tans die geval is. In die verband is ons dank verskuldig aan die heuningbosplukkers vir hulle verskeidenheid bydraes. Hierdie bewaarders se bydraes moet na waarde erken en vergoed word. Hierdie boek is 'n klein treetjie in hierdie rigting.

**Prof Neil Crouch**
SANBI, Bioprospekteringsekonomie, Biodiversiteit-navorsing, Assessering en Monitering

## Iets oor heuningbos

**Heuningbos groei slegs in Suid-Afrika in Fynbos-veld. Daar is 23 spesies heuningbos in die Cyclopia-groep, maar slegs sewe word vir teeproduksie gebruik.**

Teeplukkers oes hoofsaaklik vleitee (*Cyclopia subternata*) of bergtee (*Cyclopia intermedia*). Bergtee is veral gewild vir die gehalte en smaak daarvan.


Bergtee


Vleitee

## Oes van heuningbos in die natuur

**Heuningbos-pluk is nie maklike werk nie. Die plukkers klim op in moeilike terrein waar hulle die plante sny en in bondels bind. Van daar bring hulle dit af om verwerk te word tot heuningbostee.**









Baie teeplukkers doen al jare lank hierdie werk; **die vaardigheid en kennis word van geslag tot geslag oorgedra**. Voordat heuningbos kommersieel geraak het en meestal vir uitvoer geoes is, het families die berge geklim om tee vir hulle tuisbehoeftes te pluk.

Die teeplukkers bring hulle kennis van die plaaslike omgewing en toestande na hulle werk toe. **Deur hierdie plaaslike ekologiese kennis te benut en te deel, word hulle rentmeesters van die grond en die heuningbosplant.**

## Oor watter kennis beskik die heuningbosplukkers?


Hulle ken die grond en weet waar die wilde heuningbos groei. Hulle ken die weer van die streek en die uitwerking wat dit op hulle werk het.



Hulle weet wanneer en hoe dikwels die heuningbos geoes kan word.





Hulle weet of daar 'n brand was of nie.



Hulle weet wanneer om te oes en wanneer om 'n area te laat rus sodat die heuningbos kan herstel. Hulle is ingestel op bewaring.



Hulle weet in watter ekosisteem die heuningbos tesame met sy plantmaats floreer.






*Ons weet watter plante is sterk, en ons weet watter is moeg. Jy kan dit aan die kleur sien. As hulle ons vra, kan ons hulle vertel hoe die plant vaar. Dit gaan nie net oor gewig nie.*


Griet Claasen

# Uit jare se ervaring ken die plukkers die heuningbos en weet hoe om dit te oes.


Hulle weet hoe lyk 'n ongesonde plant.




Hulle kan sien wanneer 'n plant reg is vir sny.



Hulle weet hoe ver van die grond af om te sny, afhangende van die tipe tee.



Hulle weet hoe dik die stamme moet wees vir doeltreffende verwerking.



Hulle lewer gehalte-bondels, met minder grond, vreemde objekte en ander plantspesies.




Hulle weet hoe om hulle gereedskap te versorg om kontaminasie te voorkom.



# Heuningbosplukkers en riglyne vir volhoubare oes






**Hierdie riglyne is nie net opgestel op grond van navorsing en die beste beskikbare wetenskap nie, maar ook op grond van die kennis en praktyke van die plukkers en boere wat ervaring van heuningbos-oes het.**

Die plukkers se plaaslike ekologiese kennis het bygedra tot die skep van hierdie dokument, wat 'n belangrike rol speel in die volhoubare oes en bewaring van die heuningbos. Die dokument word ook deur die wetenskap gesteun. Dit toon die waarde van belanghebbendes wat saamkom om kennis te deel in die beste belang van die bedryf.



Hierdie riglyne dra by om te verseker dat die oes van heuningbos nie die oorlewing van die spesie affekteer nie. Dit help ons om biodiversiteit te bewaar en bronne volhoubaar te benut – nou en in die toekoms.





*Teeplukkers help om 'n paar heuningbos-spesies goed te bestuur, en in dié proses baat baie ander veldplante ook – 'n prysenswaardige bydrae.*

*Hul kennis word weerspieël in praktiese vaardighede wat baie jare lank reeds toegepas word, en onlangs gedokumenteer en ingebou is in nasionale riglyne vir oes en hulpbron-bestuur. Hierdie riglyne word onderskryf deur die Minister van die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing, en is opgeneem in die Biodiversiteit-bestuursplan vir Heuningbos-spesies.*

*Vir ander biohandel-spesies soos die bitteraalwyn, rooibos en boegoe het ons soortgelyke bydraes nodig van gemeenskappe wat beskik oor toepaslike en ryk ekologiese kennis. Daar word toenemend binne Suid-Afrika en in die buiteland erken dat ons nuwe gereedskap en benaderings moet ontwikkel wat ekologies volhoubare ontwikkeling in die gebruik van inheemse plantbronne gaan verseker.*


Prof Neil Crouch

# Waarom is volhoubare oes belangrik?

**Dit is belangrik om die grond en sy biodiversiteit te bewaar. Heuningbos maak deel uit van die Fynbos-ekosisteem. Net soos mense, floreer heuningbos in sy gemeenskap.**


**Elke element is nodig om te verseker dat die hele sisteem gesond en sterk bly.**






Oormagtige oes kan die oorlewing van die heuningbosplant affekteer en ook die omringende omgewing beskadig. Die kweek van sekere heuningbos-spesies help om druk op die wilde heuningbos te verlig. Diegene wat heuningbosplante kweek en versorg, maak ook gebruik van die plaaslike kennis van die plukkers van wilde heuningbos om te verseker dat hulle die beste toestande vir die plante skep.

Dit is belangrik vir kopers en klante dat die tee volhoubaar geoes is, met toepassing van beste praktyke. Soms is dit ’n wetlike vereiste van ’n bepaalde land, en dikwels is dit klante wat omgee vir die omgewing en wil weet dat dít wat gedoen word, nie skadelik is nie.



**Verantwoordelike bronverkryging in die mark het te doen met die vind en verkoop van produkte sonder ’n negatiewe uitwerking op die omgewing en die gemeenskappe waar dit vandaan kom.**



# Die belangrike rol van plukkers in die natuur

Die heuningbosbedryf vereis dat natuurlike sisteme, soos die grond waarin die heuningbos groei, goed bestuur word.



Die teeplukkers in die natuur hou die sleutel hiervoor. Hulle ken die grond, die plant, en die manier waarop oes en bewaring saamwerk. Dit is kennis wat hulle deur hulle geskiedenis en ervaring opgedoen het.



Hulle praktyke help om oormatige oes te voorkom en bewaring van die ekosisteem te verseker.





Hulle help om van begin tot einde die gehalte van die heuningbostee-produk te verseker. Dit maak die mark en die eindgebruiker gelukkig, want hulle kan sê die produk smaak lekker, maar is ook verantwoordelik verkry.



*'n Mens soek die heuningbostee in die veld; die heuningbosgeur pluk aan die snare van jou lewe. Heuningbos is medisyne. Ek oes dit vir die mense in die gemeenskap – baie gebruik dit vir heling. Wat ek doen, is gewortel in die natuur. Dis 'n eenvoudige, natuurlike manier van leef.*

Edward George Bernado

Hierdie dokument maak deel uit van 'n reeks kennisprodukte wat geproduseer is deur die BioInnovation Africa (BIA) projek in Suid-Afrika. Ander BIA kennisprodukte en biohandelshulpbronne kan gevind word op die gesamentlike webtuiste van BIA, ABioSA en die ABS Capacity Development Initiative.

InnovationCircle Consulting Africa, Creative Contracts en Quiet Insight LLC het opdrag ontvang om hierdie kennisproduk te ontwikkel en te publiseer in samewerking met BIA se Suid-Afrikaanse vennoot, die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DBVO). Hierdie kennisproduk word onderskryf deur die DBVO.

Die BIA projek word befonds deur die Duitse Federale Ministerie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (BMZ) en geïmplementeer deur die Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) GmbH.

Alhoewel alle pogings aangewend is om volledige en akkurate inligting te voorsien, bied InnovationCircle Consulting Africa, Creative Contracts, Quiet Insight LLC en GIZ geen versekering of waarborge, uitdruklik of geïmpliseer, ten opsigte van die akkuraatheid daarvan ten tye van gebruik nie.

**Adrie El Mohamadi**
Komponentbestuurder - Suid-Afrika
BioInnovation Africa (BIA)
GIZ Center for Cooperation with the Private Sector (CCPS)
Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) GmbH
Adrie.elmohamadi@giz.de

Bioinnovationafrica@giz.de
www.giz.de
www.abs-biotrade.info

forestry, fisheries & the environment
Department: Forestry, Fisheries and the Environment
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

InnovationCircle Consulting Africa

creative contracts

Quiet Insight
When Life meets Wisdom

giz Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) GmbH